

2 Augustus

Openbaring 10, (Teks: 10:11)

Gaan weer!

Hoe wonderlik, hoe soet is die boodskap van vrede en verlossing wat ons Here Jesus vir ons gebring het! In Matteus 28:19 en Handeling 1:8 gee die Here Jesus, kort voor sy hemelvaart, aan ons die opdrag om hierdie heuningsoet boodskap van vrede met God aan dié wat dit nog nie gehoor het nie, te gaan vertel.

In ons binneste jubel dit! Ons harte klop warm vir ons Here se boodskap van verlossing, maar die oomblik wanneer ons die geloof wat die Heilige Gees in ons harte geplant het, begin uitleef, dan kom daar 'n bitter nawerking: Omdat ek in die onsienlike God glo, word ek bespot. Omdat God se Woord vir my soet is en sy Woord my enigste maatstaf vir reg of verkeerd is, word ek as verkramp of outyds beskou. Omdat die boodskap van Jesus Christus se verlossing in my opborrel en ek dit aan almal wil vertel, word ek as 'n dweper afgemaak.

Ook vir Johannes wat hierdie soet boodskap van Jesus Christus se verlossing verkondig het, was die nawerking bitter. Hyself is ter wille van die Evangelie op die eiland Patmos aangehou. Die mense wat sy soet boodskap van verlossing in die geloof aangeneem het, is vervolgd en sommiges moes selfs 'n marteldood sterf. Ten spyte van sy swaarkry, kry Johannes hier in vers 11 opnuut weer die opdrag om aan te hou om hierdie soet boodskap te gaan verkondig.

Ook vir u en vir my wat moontlik al moedeloos is oor die bitter nawerking wat die uitdra van Jesus Christus se boodskap in ons lewens veroorsaak, beveel die Heilige Gees: Gaan weer!

Sing: Psalm 25:2

Ds. L.C. Scheepers (Sannieshof)